



Die kuns om uitsonderlike beleggingsgeleenthede te skep

Die Suid-Afrikaanse regering beskou die ontwikkeling van die klein- en mediumondernemingsektor (KMO's) as 'n kritieke element vir toekomstige ekonomiese groei. Een faktor wat egter voortdurend KMO's se groei belemmer, is 'n gebrek aan toegang tot kapitaal.

Om hierdie probleem aan te spreek het die Suid-Afrikaanse regering Artikel 12J-beleggings in 2009 ingestel deur wysigings aan die Inkomstebelastingwet aan te bring. Die doel daarvan is om beleggings in die privaatsektor aan te moedig en die plaaslike ekonomie as geheel te stimuleer. Daarom is belastingaansporings vir beleggers ingestel via belastingaftrekbare beleggings in waagkapitaalmaatskappye (WKM), wat geregistreer is as S12J-maatskappye.

S12J-beleggings is beskikbaar aan individue, maatskappye en trusts en bied beleggers 'n 100% belastingaftrekking in die jaar wat die belegging gemaak word.

Die volle beleggingsbedrag kan afgeset word teen alle belastingtipes, wat dit veral aantreklik maak vir beleggers wat in 'n spesifieke belastingjaar kapitaal wins getoon het.

Dit is mits die belegging ten minste vyf jaar gehou word. Daar is geen voorgeskrewe minimum belegging nie.

Wat is 'n waagkapitaalmaatskappy (WKM)?

'n WKM is 'n maatskappy wat gestig is om beleggers toegang te bied tot beleggings in 'n reeks maatskappye wat die potensiaal vir beduidende groei het, maar fondse benodig om daardie potensiaal te ontsluit.

Die WKM identifiseer die geleenthede en werf fondse vir die kleiner maatskappye deur aandele aan beleggers/belastingbetalers (individue, trusts of maatskappye) uit te reik.

Die geld word dan toegeken aan besighede wat volgens die WKM se bestuur die beste groeivoorsigte het. Die WKM sal 'n sertifikaat aan die belastingpligtige uitreik vir die beleggingsbedrag en bestuur die kollektiewe belegging.

Die belegger kan dan sy volle belegging teen sy belasbare inkomste in die betrokke belastingjaar aftrek en sodoende indirek in KMO's belê.

Bestuur vir die beste opbrengs

Die fonds se beleggingsprestasie is gekoppel aan die S12J se onderliggende beleggings. Daarom is dit belangrik dat die fondse deur ervare beleggingsbestuurders bestuur word.

Elke WKM bepaal self in watter tipe KMO's die fonds sal belê en die beleggingsbestuurder se rol is om te verseker dat die beste geleenthede geïdentifiseer word uit die dosyne privaat maatskappye wat om kapitaal aansoek doen. Hulle is ook daarvoor verantwoordelik om te verseker dat die voorwaardes van S12J-beleggings streng nagekom word om nie die aanvanklike belastingvoordeel in gevaar te stel nie.

Ecsponent belê in Capitis S12J

Ecsponent Beperk het onlangs aangekondig dat die Groep in 'n WKM wil belê. Die belegging sal die Groep se vermoë verbeter om Suid-Afrika se klein- en mediumondernemingsektor (KMO's) se groei te stimuleer.

Hierdie belegging is met die groep se strategiese fokus belyn, wat beleggings in bates insluit wat medium- tot langtermynkapitaalgroei aan die groep bied.

Die voorgestelde belegging in 'n WKM, Capitis Equity (Pty) Ltd, sal tot R400 miljoen beloop. Deur die belegging in 'n WKM wat deur swart vroue besit word, sal Ecsponent toegang kry tot 'n effektiewe en professionele beleggingsvoertuig wat die groep in staat sal stel om sy beleggingsgeleenthede uit te brei.



Stilte voor die storm

Ekonomie waarsku toenemend oor dreigende markveranderinge wat internasionaal en ook in Suid-Afrika 'n groot impak op ons ekonomie en beleggers sal hê.

Dit gaan goed in die wêreld-ekonomie en veral in die VSA (wat 20% van die wêreld-ekonomie uitmaak) waar werkloosheid op 'n laagtepunt en aandelepryse op 'n hoogtepunt is.

Net so is vertroue besig om in Suid-Afrika te herstel op grond van die positiewe politieke veranderinge. Boonop staan die rand sterk, inflasie is onder beheer en dit lyk asof rentekoerse ook laag sal bly.

Die plaaslike aandelemark het net soos in die VSA vir byna nege jaar of 107 maande gestyg, wat een van die langste bulfases ooit is. Die gemiddelde stygfase is 85 maande voor 'n ineenstorting plaasvind en dan val die markte met gemiddeld 44%.

Ontleders maan egter dat 'n storm in die VSA aan die opbou is en dat dit wêreldmarkte gaan ontwrig. Boonop is daar drie potensiële wendings wat groot gevaar vir ons plaaslike markte inhou.

'n Resessie in Amerika?

Die wêreldresessie van 2008 is voorafgegaan deur rentekoerse in die VSA wat deur sekere toetsvlakke gebreek het. Dieselfde gebeur nou weer met die korttermynkoerse wat vinniger as die langtermynkoerse styg wat op 'n resessie aanstaande jaar afstuur. Dit sal wye gevolge vir die wêreld-ekonomie en vir Suid-Afrika inhou.

Die groot risiko is sistemiese risiko wat tot die ineenstorting van die hele finansiële stelsel kan lei, pleks van sekere dele van die stelsel.

'n Goeie voorbeeld is die ineenstorting van die Lehman Brothers-beleggingsbank in Amerika wat in 2008 'n negatiewe domino-effek op banke dwarsoor die wêreld gehad en tot 'n wêreldresessie gelei het.

Resessies gebeur vinnig en Lehman wys net hoe 'n vonk soos die subprima-behuisingskrisis 'n wêreldwye vuurstorm en verliese van \$2 triljoen veroorsaak het.

Wat is die vonk in die volgende storm?

Alle partytjies kom ten einde en die Amerikaanse aandele is op rekordvlakke wat op 'n regstelling wys. Inflasie is besig om toe te neem en Pres. Trump se tariefoorlog - en selfs die verwickelinge met Israel/Iran - kan daardie vonk wees.

In Suid-Afrika is daar drie groot kwessies wat die markte kan skaad en veral beleggers op die aandelebeurs en dus mense se pensioen kan raak:

Eish Eskom

Plaaslik is ons reeds vroeg vanjaar skrik op die lyf gejaag met Malusi Gigaba, voormalige minister van finansies, se opmerking tydens die Davos-beraad. Hy het aangevoer dat Suid-Afrika se fiskus eenvoudig nie die geld het om vir Eskom borg te staan nie en dat daar geen geldeenheid of ekonomie in Suid-Afrika sal oorbly as Eskom ten gronde gaan nie.

Naspers op dun ys

Die Suid-Afrikaanse mark is te afhanklik van Naspers. Die JSE se goeie vertoning die laaste twaalf maande was byvoorbeeld grootliks toe te skryf aan Naspers se styging van 15,45%. Naspers se markwaarde op die JSE beloop nagenoeg 20% van die beurs se waarde. Enige verwickelinge op die skaal van die Steinhoff-sage of wat Tencent (Naspers se Chinese belegging) raak, soos wetgewing in China of verandering in tegnologie, sal 'n groot impak op ons aandelemark hê. Die verskynsel van 'n enkele aandeel wat die opbrengs van die hele mark dryf, is 'n groot risiko. 'n Daling van 50% in Naspers se aandeleprys kan die JSE se indeks van alle aandele met meer as 10% aftrek.

Grond en hervorming

Die wyse waarop grondhervorming in Suid-Afrika hanteer gaan word, is krities belangrik vir toekomstige beleggings en om sakevertroue, veral in die era van grondgrype, te herstel.

Hoe verskans jy jouself?

Die enigste verskansing teen finansiële rampe is 'n goed gediversifiseerde portefeulje. Met ander woorde, indien dit gebeur, sal jou portefeulje terugsak, maar nie heeltemal in die slag bly nie. Dit behels 'n breë verspreiding tussen bateklasse, fondsbestuurders, streke en sekuriteite.

Persoonlike finansiële oorlewing is die mikpunt van alle beleggers en vroegtydige beplanning sal verseker dat jy rustig in 'n finansiële winter slaap.

Is taksvry jou beste opsie?

Ons hoor dikwels van beleggings wat deels of ten volle van belasting vrygestel is en dink dadelik dit is 'n goeie opsie, want ons wil almal so min as moontlik belasting betaal.



Belasting is dikwels 'n verskuilde koste by beleggings en om belastingslim met jou beleggings te wees, is 'n vereiste vir jou as 'n suksesvolle belegger.

'n Belastingvriendelike belegging is egter nie noodwendig die beste een vir jou nie. Belastingvoordele moet nooit die hoofrede of dryfkrag vir jou besluite met beleggings wees nie. Die risiko, opbrengs, koste en onder meer die posisionering van die belegging in jou portefeulje, speel 'n baie belangriker rol.

Belastingvrye spaarrekeninge

Skaars drie jaar gelede het die Tesourie belastingvrye spaarrekeninge aangekondig en daar is sedertdien sowat 460 000 sulke spaarrekeninge geopen waarin meer as R5 miljard belê is.

Die groei is belastingvry en jy betaal nie dividend-terughoudingsbelasting, kapitaalwinst of belasting op rente nie. Dus kan die groei op die belegging hoër as normaal wees. Jy mag egter nie meer as R33 000 'n jaar in die rekening belê nie en daar is 'n limiet van R500 000 in jou leeftyd.

Die Regering se doel met die toewysing was om spaar aan te moedig. Natuurlik het finansiële instellings dit as 'n groot geleentheid vir bemarking gesien en hul produkte wyd en syd verkondig.

Banke het veral daarop gekapitaliseer en dikwels kliënte se geld in die kapitaalmarkrekening van die bank belê – eerder as in aandeelgekoppelde beleggings.

Onder die vaandel van 'n belastingvrye belegging (net die groei is belastingvry, nie die hele belegging nie) is oningeligte en veral lae-inkomste beleggers se geld swak belê waar die groei skaars inflasie klop.

Net so is mense wat nie van rentevrystelling gebruik maak nie, ook in die instrumente geplaas wat dus geen bykomende voordeel kry nie. Die drempelvlak vir belastingvrye rente-inkomste is R23 800 per jaar of R34 500 as jy ouer as 65 is. Onder 65 jaar gaan 'n belastingvrye belegging eers sin maak op bedrae van meer as sowat R400 000 en bokant 65 jaar op bedrae van meer as R575 000.

Boonop is daar baie beleggers in die rekeninge wat inkomste- en ouderdomgewys nie belasting betaal nie: Onder 65 jaar betaal jy net belasting as jy meer as R75 750 per jaar verdien; tussen 65 jaar en 75 jaar is dit R117 300 per jaar en 75 jaar en ouer R131 150.

By sekere van die belastingvrye spaarrekeninge, waar, veral ons senior burgers, hoop hul geld gaan groei, is daar ook buitensporige koste van tot 1.5% afhange van die raadgever en/of koste van die onderskeie fondse.

Uittree-annuïteite

'n Belastingbetaler kan die totale waarde van bydraes tot sy/haar pensioenplan/uittree-annuïteit van bruto-inkomste aftrek (beperk tot R350 000 per jaar) om so die belasbare inkomste, en gevolglik belasting, te verminder. Alle groei is belastingvry.

Jy word egter ná aftrede steeds volgens jou marginale koers op jou inkomste belas.

Waagkapitaalbeleggings

'n Belegger se hele beleggingsbedrag kan van sy/haar belasbare inkomste afgetrek word, as dit in 'n waagkapitaalmaatskappy is wat ingevolge Art. 12J van die Inkomstebelastingwet geregistreer is.

Skenkings

Persone kan R100 000 per jaar belastingvry skenk aan hul trust of afhanklikes om die persoonlike boedelwaarde vir belastingdoeleindes te verminder.

Pas dit by jou situasie?

Beleggings in belastingvoordelige produkte moet pas by die oorkoepelende beleggingsplan van die individu en sy of haar finansiële behoeftes.

Die uittree-annuïteit is byvoorbeeld 'n belegging wat ideaal is as daar vir aftrede gespaar word. 'n Belastingvrye spaarrekening is veelsydiger en 'n beter oplossing as daar vir die langtermyn gespaar word, soos vir die kinders se opvoeding.

In kapitaalgroei-beleggings, soos voorkeuraandeel, is net kapitaalwinst ter sprake wat eers betaalbaar is die dag as jy verkoop en 'n kapitaalwinst gemaak het. Boonop geld 'n kapitaalwinstvrystelling van R40 000 per jaar, wat beteken jy betaal eers op wins van meer as R40 000 belasting teen jou marginale koers.

Mense dink dat belastingvry 'n unieke produk behels wat te alle tye gesteun moet word. Dit is egter net 'n struktuur van 'n gewone belegging met 'n belastingvoordeel. Maak seker dat jy die een is wat as wenner uitstap en nie andersom nie.

FinTech-feite waarvan jy moet weet

In 1994 het Bill Gates die einde van tradisionele banke voorspel. Twee dekades later is vernuwing deur FinTech die dryfkrag wat uiteindelik wyer finansiële insluiting kan bewerkstellig.

Hierdie maatskappye is besig om die verbruiker se ervaring van banke te vernuwe deur innoverende, deursigtige en bekostigbare finansiële dienste te skep wat tradisionele banke nie aan hul kliënte kan bied nie.

Die aanwending van FinTech strek oor vele velde, insluitend betalings, lenings, welvaartbestuur, selfoonbankwese, kripto-geldeenheide en die 'blockchain', alternatiewe finansiering, versekering, sekerheid- en risikobestuur, data-analise en finansiële handel.

FinTech-maatskappye poog om finansiële dienste en produkte aan almal beskikbaar te stel deur toeganklikheid te verbeter en koste te verlaag.

Die geleenthede wat FinTech bied:

Bankwese groei oor grense heen

Ongeveer 2.5 biljoen mense wêreldwyd het nie toegang tot 'n bankrekening of enige formele finansiële dienste nie. Hierdie syfer het in die afgelope jare afgeneem, maar is steeds hoog armer lande.

In Afrika het 34% volwassenes 'n bankrekening en net 16% het 'n formele spaarplan. Suid-Afrika is beter daaraan toe met 70% volwassenes wat 'n bankrekening het, maar slegs 'n derde het 'n formele spaarplan. Navorsing wat as deel van die Wêreld Ekonomiese Forum vir Afrika gepubliseer is, toon dat dit hoofsaaklik toegeskryf kan word aan die persepsie dat banke duur is en dat bankdienste moeilik bekombaar is. Hierdie faktore dra steeds daartoe by dat vlakke van finansiële uitsluiting nie opgehef word nie.

FinTech groei

Die omvang van innovasie is besig om vlam te vat soos nuwe produkte en dienste bekend gestel word om finansiële bestuur makliker en vinniger te maak.

Sedert 2014 het die befondsing wat die globale FinTech-bedryf ontvang bykans verdubbel en 'n indrukwekkende

\$38.9 miljard in 2017 bereik, wat aantoon dat FinTech 'n groeiende rol in finansiële marke speel.

Bykans \$100 miljard het sedert 2010 in FinTech-ondernemings ingevloei.

Dit ontwrig die finansiële wêreld


Terwyl beide nuwe en tradisionele finansiële maatskappye aktief aan FinTech deelneem, is die nuweling besig om die innovasiegolf te lei deur meer aanlyn- en digitale oplossings vinniger aan kliënte te bied. Dit gebeur nie net op die gebied van persoonlike finansiële bestuur nie. FinTech help ook klein maatskappye op verskillende maniere – van innoverende ouditsagteware tot finansiële bestuur, versekering en besigheidswaardasiedienste.

Digitale finansiering gaan ook toenemend 'n rol speel om finansiële insluiting op die kontinent te bewerkstellig. Dit maak die rol van FinTech-innoveerders selfs belangriker.

Ecsponent se hoof uitvoerende beampte, Terence Gregory, is positief oor die Groep se belegging in FinTech en sê, "Ons glo ons belegging in FinTech sal ons toegang gee tot finansiële dienste en verwante tegnologie, wat beduidende voordele vir die Ecsponent Groep inhou. Die strategiese aard van hierdie beleggings sal ook op die lang-termyn beduidende waarde ontsluit."

Ecsponent belê in FinTech deur die Luxemburg-gebaseerde FinTech-innoveerder MyBucks SA, wat op die Frankfurt aandelebeurs genoteer is. Die maatskappy het sedert 2012 uitsonderlik gegroei en het 'n globale voetspoor oor sewe MFI-ondernemings, vyf bankondernemings, met bedrywighede in elf Afrikalande, asook in Europa en Australië deur krediet, bankwese en versekeringsprodukte te bied.

FinTech-groei: Wêreldwye aktiwiteit in FinTech-finansiering volgens streek (2010 - 2017)



Bron: Accenture se navorsingsanalise van CB Insights se data.

Suid Afrika:

info@ecsponent.com • 087 8080 100

Swaziland:

Fintech Campus, Hv Botterklapper- en Ilangastrate, Die Wilgers, Pretoria, Gauteng

swaziland@ecsponent.com • +268 2417 1616 • 7 The Gables, Ezulwini, Swaziland

Botswana:

botswana@ecsponent.com • +267 391 8756 • Eenheid G3, Victoria House, Plot 132 Independencelaan, Gaborone, Botswana

Hierdie inhoud is uitsluitlik voorsien ter inligting en moet nie as beleggingsadvies geag word nie.